

**Universiteit Stellenbosch Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe:  
Riglyne vir Risikoverlaging van Tuberkulose by Studente – Praktiese Samevatting  
(volledige weergawe beskikbaar by [www.sun.ac.za/FMHSpolicies](http://www.sun.ac.za/FMHSpolicies))**

**Hoe om die risiko van die oordrag van tuberkulose (TB) in die werkplek en kliniese leeromgewing sover moontlik te beperk – toepassing van die riglyne**

Weens die voorkoms van TB in Suid-Afrika is dit onmoontlik vir studente wat in 'n gesondheidsorgomgewing werk om aanraking met pasiënte wat TB het, heeltemal te vermy. Die volgende maatreëls is ingestel om die risiko van TB-infektering te verlaag:

**1. Opvoeding en Administratiewe maatreëls**

1.1 Alle mediese en gesondheidswetenskappe-studente moet spesifiek oor die risiko's van TB-opdoening opgevoed word, asook oor die voorkomende maatreëls wat hulle moet volg om sodanige risiko's te verlaag. Dit is noodsaaklik dat studente wat vermoed dat hulle tuberkulose opgedoen het, dit by die GGS by Tygerberg moet aanmeld. Studente wat die nodige toetse nie kan bekostig mag ansoek doe by die FMHS vir ondersteuning.

1.2 Die Departement Gesondheid en die FGGW het 'n multilaterale ooreenkoms gesluit oor hoe om die risiko vir studente te vermy wanneer hulle in opleidings- of akademiese hospitale en klinieke werk.

1.3 Studente moet (sover moontlik) aanraking vermy met pasiënte wat met multimiddelweerstandige (Eng. *MDR*) of uiters weerstandige (Eng. *XDR*) pulmonêre TB gediagnoseer is.

1.4 Pasiënte wat met TB gediagnoseer is, moet uitgewys en in die hospitaalomgewing afgesonder word. Voorkomende kennisgewings oor infektering deur die lug moet gebruik word om die risiko aan gesondheidsorgwerkers en studente oor te dra.

1.5 Studente mag nie saalonderrig van mediese personeel ontvang aan die hand van pasiënte wat met *MDR*- of *XDR*- pulmonêre TB gediagnoseer is nie. *MDR*- en *XDR*-pasiënte sal nie ingesluit word in kliniese eksamens soos OSKE, kort of lang gevallestudies nie.

1.6 Gesondheidswetenskappe-studente moet gereelde sifting aan die hand van 'n sesmaandelikse blootstelling-en-simptomevraelys ondergaan. Borskasradiologie en GeneXpert-sputumtoetse moet oorweeg word as die uitslag van die vraelys op die moontlikheid van TB dui.

1.7 Studente wie se immuniteit om watter rede ook al verswak is, word aangemoedig om hulle gesondheid met US Kampusgesondheidsdiens of enige ander gesondheidsfasiliteit van hulle keuse te bespreek.

1.8 Waar studente weens die moontlike risiko ongemaklik voel om pasiënte te ondersoek wat vermoedelik TB het maar nog nie finaal gediagnoseer is nie, moet hulle dit met hulle kliniese projekteer bespreek, wat die studente oor die korrekte benadering moet leiding gee.

**2. Omgewingsmaatreëls**

2.1 In algemene en ongedifferensieerde areas (soos wagkamers, gange en spreekkamers) moet studente sover moontlik vensters en deure laat oop staan om die ventilasie in swak geventileerde areas te verbeter.

2.2 Die deure in die vertrekke waar TB-pasiënte afgesonder word, moet egter toe gehou word.

2.3 Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe sal voortdurend met die gesondheidsdiens skakel om te verseker dat ideale omgewingskontroleermaatreëls in die werks- en kliniese leeromgewings toenemend nagevolg word.

### **3. Persoonlike beskermende toerusting – N95-respirators**

#### **3.1 Passingstoets**

Alle studente moet na die inligtingsessie 'n eenmalige passingstoets doen om te bepaal wat die korrekte soort en grootte respirator vir hulle gesigvorm is, sodat hulle respirator deeglik pas. Die uitkoms van elke student se passingstoets sal vir toekomstige verwysing aangeteken word. Na die passingstoets sal elke student 'n kaart kry waarop die datum aangeteken is van die laaste passingstoets en van die geskikte respirator wat die beste passing vir die student is. Studente moet aangemoedig word om elke twee jaar of meer gereeld die passingstoets te herhaal indien hulle vermoed dat die N95-respirator wat vir hulle uitgereik is, nie behoorlik seël nie. Die passingstoets behels ook 'n proses om studente in te lig oor hoe om die N95-respirator korrek te gebruik.

Die volgende inligting moet oorgedra word:

3.1.1 Gesighare (veral baarde) belemmer die doeltreffendheid van die N95-respirator, daarom is dit raadsaam om gesighare te verwyder.

3.1.2 Die integriteit van die respirator moet getoets word elke keer wanneer dit gebruik word.

3.1.3 Hoe om die respirator op te sit en af te haal.

3.1.4 'n Mens moet jou hande ontsmet voordat jy die respirator opsit en nadat jy dit afgehaal het.

3.1.5 'n Mens moet pasop dat jy nie die respirator vou of verkreukel nie.

3.1.6 In normale werkomstandighede kan 'n N95-respirator minstens agt ure aaneen doeltreffend bly werk. Respirators raak minder doeltreffend as dit skeure kry of klam raak. As 'n N95-respirator met tussenposes gebruik word, kan dit 'n week lank doeltreffend bly werk na gelang van hoe dikwels dit gebruik word. Die respirators moet in 'n koevert gebêre word, nie in 'n plastieksak nie, want klammigheid verniel die filter.

3.1.7 Gebruikte respirators moet in 'n houer vir mediese afval weggegooi word.

3.1.8 Kampusgesondheidsdiens moet die FGGW se passingstoetsprogram koördineer en administreer, asook die voorsiening van respirators voordat studente die kliniese areas betree.

#### **3.2 Soorte gesigmaskers of respirators wat gedra word**

Chirurgiese maskers bied ondoeltreffende voorsorg teen die inaseming van TB-basille in die lug. Studente moet dus 'n N95-gegradeerde masker met 'n deeltjiefilter (respirator) dra. Alle studente moet hulle houer met 50 N95-respirators aan die begin van elke jaar kom afhaal. As dit korrek gedra en hanteer word, behoort dit genoeg vir die hele jaar te wees. Die koste van die respirators word via elkeen se studentegeldrekening verhaal. Nog respirators is te koop as die aanvanklike voorraad van 50 onvoldoende vir die jaar is. Tydens konsultasies moet alle pasiënte wat vermoedelik smeer-positiewe TB (d.w.s. 'n gehoës) het,

'n chirurgiese masker dra. Dit verminder die verspreiding van TB-basille deur die lug en gevolglik oordrag na ongeïnfekteerde persone.

### 3.3 Die volgende word as hoërisiko-omgewings beskou:

3.3.1 Toelatings (ongedifferensieerde pasiënte), noodlokale, kliniese wagkamers

3.3.2 Interne geneeskunde, sale vir trauma- en pediatriese geneeskunde, waar aangedui

3.3.3 Wanneer 'n geïnduseerde sputumhokkie of hoeskamertjie betree of daarbinne gewerk word

3.3.4 Wanneer gewerk word met pasiënte wat amptelik met pulmonêre TB gediagnoseer is en vir die eerste keer daarmee presenteer

3.3.5 Pasiënte by wie geneesmiddelsensitiwiteit bevestig is maar wat nog nie meer as twee weke lank amptelik TB-behandeling ontvang nie (veral tersaaklik vir fisioterapiestudente)

3.3.6 Alle pasiënte by wie middelweerstandige TB (Eng. *DR-TB*) bevestig is, totdat genesing gedokumenteer is.

## **4. Studente met TB**

4.1 Studente met simptome wat op TB dui, moet so gou moontlik by Kampus-gesondheidsdiens om mediese hulp gaan aanklop.

4.2 Alle student wat met TB gediagnoseer is, word ten sterkste aangeraai om te verseker dat hulle weet wat hulle MIV-status is; daarsonder kan hulle nie optimaal behandel word nie.

4.3 Studente wat ontdek dat hulle TB het, word ook sterk aangeraai om US Kampusgesondheidsdiens van hulle TB-status in kennis te stel; dit sal die Fakulteit help verseker dat die betrokke studente enige ondersteuning, behandeling en opvolgsorg ontvang wat nodig is.

4.4 In die geval van middelsensitiwe pulmonêre TB wat bevestig is, behoort die student twee weke na diagnose en nadat met behandeling begin is van klasse en die werkomgewing weg te bly. Die tersaaklike siektesertifikaat moet volgens die normale prosedures verkry en ingedien word. By middelweerstandige pulmonêre TB in enige vorm berus die finale besluit by die betrokke geneesheer. Bostaande is slegs aanbevole minimum keertye.

4.5. US Kampusgesondheidsdiens moet 'n vertroulike lêer byhou van alle studente wat aangemeld het dat hulle met TB gediagnoseer is. Dit is om te help verseker dat daardie studente vir die duur van hulle siekte gepas bestuur word. Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (Eng. *COIDA*)

4.6 'n Beroepsgesondheidspraktisyn by US Kampusgesondheidsdiens moet infekterings moniteer op grond van vertroulike statistiek oor studente-TB. Sou die voorkoms van TB verander, moet Kampusgesondheidsdiens, in konsultasie met die FGGW-bestuur, die gepaste stappe doen wat nodig is.

4.7 Stigmatisering en diskriminasie het 'n negatiewe invloed op bekendmaking, toegang tot sorg en toekomstige loopbaanmoontlikhede onder gesondheidswerkers en studente wat deur tuberkulose geaffekteer word. Die FGGW is daartoe verbind om onmiddellik regstellende stappe te doen met die verstandhouding dat die Fakulteit se bevindings geen beperking plaas op die regsremedies wat geaffekteerde studente tot hulle beskikking het nie.

## **5. Kontakbesonderhede**

**Kampusgesondheidsdiens:** [www.sun.ac.za/kampusgesondheid](http://www.sun.ac.za/kampusgesondheid)

**Dorothy Carolissen (verpleegkundige)**

Tygerberg-studentesentrum, 3de verdieping, Lokaal 3035, Tygerberg 7500  
Tel. +27 21 938 9053 Faks +27 21 931 1250  
E-pos [djc@sun.ac.za](mailto:djc@sun.ac.za)

**Anneke van Heerden (beroepsgesondheids- verpleegkundige praktisyn)**

Claasenstraat 7, Matieland, Stellenbosch 7602  
Tel. +27 21 808 3496 Faks +27 21 886 4274  
E-pos [acvanheerden@sun.ac.za](mailto:acvanheerden@sun.ac.za)

**Dr Craig Thompson (beroepsgeneesheer)**

Claasenstaat 7, Matieland, Stellenbosch, 7602  
Tel: +27 21 808-3496 Faks: +27 21 808-4274  
Epos: [cthompson@sun.ac.za](mailto:cthompson@sun.ac.za)

**Deon van Zyl (beroepsgeneesheer)**

Claasenstraat 7, Matieland, Stellenbosch 7602  
Tel. +27 21 808 3496  
Sel +27 82 789 6933  
Faks +27 21 808 4274  
E-pos: [deonz@sun.ac.za](mailto:deonz@sun.ac.za)

**Beroepsgesondheid, Tygerberg Hospitaal**

**Dr Sydney Carstens / Sr Dawn Arendse**

8de verdieping, Tygerberg Hospital  
[sec@sun.ac.za](mailto:sec@sun.ac.za)

**Akademiese Eenheid vir Infeksievoorkoming en -beheer:**

Dr Jack Meintjes

[wajm@sun.ac.za](mailto:wajm@sun.ac.za)

<http://www.sun.ac.za/uipc/>

Afdeling Gemeenskapsgesondheid, Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe  
Universiteit Stellenbosch & Tygerberg Akademiese Hospitaal  
9de verdieping, Tygerberg Hospitaal, Tygerberg 7505  
Tel. +27 21 406 5563/53/54 Faks +27 21 938 5065

**TB Proof:** [www.tbproof.org](http://www.tbproof.org) OF <https://www.facebook.com/TBproof>

Dr Bart Willems: [bartwillemsza@gmail.com](mailto:bartwillemsza@gmail.com)

Dr Arne von Delft: [vuzumsi@gmail.com](mailto:vuzumsi@gmail.com)

Dr Angela Dramowski: [dramowski@sun.ac.za](mailto:dramowski@sun.ac.za)

**Tuberculosis – Suggested Actions following Exposure or Diagnosis (US Campus Health Service)**

(to be applied in conjunction with the **Stellenbosch University TB Guideline** document, 2015-01)

- ◇ Educate about the symptoms and signs of TB!
- ◇ Know your HIV status!
- ◇ Inform staff and students about the availability of CHS!

